Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 12

# SEPTEMBER 2017

# AFRIKAANS HUISTAAL V2

**PUNTE:** **80**

**TYD:** **2½ uur**

*AFRHL2*

Hierdie vraestel bestaan uit 27 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees die volgende instruksies noukeurig deur voordat jy die vraestel beantwoord.

2. Moenie probeer om die hele vraestel deur te lees nie. Raadpleeg die inhoudsopgawe op die volgende bladsy en merk die vraagnommers van die letterkundetekste wat jy in die klas behandel het. Lees daarna die vrae oor die tekste wat jy gedoen het en kies die soort vraag wat jy wil doen. Neem die voorskrifte by elke vraag in ag.

3. Die vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: Gedigte (30)
   AFDELING B: Prosa (25)
   AFDELING C: Drama (25)

4. Beantwoord VYF vrae in totaal: DRIE in AFDELING A, EEN in AFDELING B en EEN in AFDELING C.

   **AFDELING A: GEDIGTE**
   Gesiene gedigte – Beantwoord TWEE vrae.
   Ongesiene gedig – Beantwoord die VERPLIGTE vraag.

   **AFDELING B: ROMAN**
   Beantwoord EEN vraag.

   **AFDELING C: DRAMA**
   Beantwoord EEN vraag.

5. **KEUSE VAN VRAE BY AFDELING B (ROMAN) en C (DRAMA)**

   - Beantwoord SLEGS die vrae oor die roman en drama wat jy bestudeer het.
   - Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG. As jy die opstelvraag in AFDELING B beantwoord, moet jy die kontekstuele vraag in AFDELING C beantwoord. As jy egter die kontekstuele vraag in AFDELING B beantwoord, moet jy die opstelvraag in AFDELING C beantwoord. Gebruik die kontrolelys om jou te help.

6. **LENGTE VAN ANTWOORDE**

   - Die lengte van die opstel vir die gedig is 250–300 woorde.
   - Die lengte van die opstel vir die roman en drama is 400–450 woorde elk.
   - Die lengte van die antwoorde van die kontekstuele vrae word bepaal deur die puntetoekenning van elke vraag. Beantwoord jou vrae bondig en relevant.

7. Volg die opdragte aan die begin van elke afdeling noukeurig.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Beantwoord ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

10. Voorgestelde tydsindeling:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | ongeveer 40 minute |
| AFDELING B: | ongeveer 55 minute |
| AFDELING C: | ongeveer 55 minute |

11. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou 

**INHOUDSOPGAWE**

Hierdie bladsy sal jou help met die keuse van vrae sonder dat dit nodig is om die hele vraestel deur te lees.


| **AFDELING A: GEDIGTE**<br>**Voorgeskrewe gedigte: Beantwoord ENIGE TWEE vrae.** | | | |
|---|---|---|---|
| **VRAAGNOMMER** | **VRAAG** | **PUNTE** | **BLADSY** |
| 1. "besoekersboek" | Opstelvraag | 10 | 6 |
| 2. "'n vigslyer sterf" | Kontekstuele vraag | 10 | 7 |
| 3. "oupa Thomas Daniel Granfield" | Kontekstuele vraag | 10 | 8 |
| 4. "Die sagte sprong" | Kontekstuele vraag | 10 | 10 |
| **EN**<br>**Ongesiene gedig: Verpligtend** | | | |
| 5. "Fotodag" | Kontekstuele vraag | 10 | 11 |
| **AFDELING B: ROMAN**<br>**Beantwoord EEN vraag.*** | | | |
| 6. *Die kwart-voor-sewe-lelie* | Opstelvraag | 25 | 12 |
| 7. *Die kwart-voor-sewe-lelie* | Kontekstuele vraag | 25 | 12 |
| 8. *Manaka Plek van die Horings* | Opstelvraag | 25 | 14 |
| 9. *Manaka Plek van die Horings* | Kontekstuele vraag | 25 | 14 |
| 10. *Vatmaar* | Opstelvraag | 25 | 16 |
| 11. *Vatmaar* | Kontekstuele vraag | 25 | 17 |
| 12. onderwêreld | Opstelvraag | 25 | 19 |
| 13. onderwêreld | Kontekstuele vraag | 25 | 19 |
| **AFDELING C: DRAMA**<br>**Beantwoord EEN vraag.** | | | |
| 14. *Krismis van Map Jacobs* | Opstelvraag | 25 | 22 |
| 15. *Krismis van Map Jacobs* | Kontekstuele vraag | 25 | 22 |
| 16. *Mis* | Opstelvraag | 25 | 25 |
| 17. *Mis* | Kontekstuele vraag | 25 | 25 |


***LET WEL:** Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG uit AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik.

**Jy mag NIE TWEE opstelvrae of TWEE kontekstuele vrae beantwoord NIE.**

**KONTROLELYS**

Gebruik die kontrolelys hieronder om te kontroleer of jy die korrekte getal vrae beantwoord het.

| AFDELING | VRAAG-NOMMER | GETAL VRAE BEANTWOORD | MERK ✓ |
|---|---|---|---|
| A: Gedigte<br>(Voorgeskrewe gedigte) | 1–4 | 2 | |
| A: Gedigte<br>(Ongesiene gedig) | 5 | 1 | |
| B: Roman<br>(Opstel of kontekstueel) | 6–13 | 1 | |
| C: Drama<br>(Opstel- of kontekstueel vraag) | 14–17 | 1 | |
| | | | |
| **LET WEL:** Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG uit AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik. | | | |

## AFDELING A: GEDIGTE

## VOORGESKREWE GEDIGTE

Beantwoord ENIGE TWEE vrae.

## VRAAG 1: OPSTELVRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vraag wat volg.

**besoekersboek – Daniel Hugo**

op die sel se mure het iemand uitgekrap
(of liewer: íngekrap): sy naam en al die dae
van sy duskantste verblyf. gaan mens op stap
deur duikweë stasies onder brûe bly draai die vrae

wie was dié peter? waar kom pam vandaan?
hoe het die vriendskap tussen brian en ed begin?
sou w.a.l. se ouers hom meer as normaal geslaan
het? hoe lank het lieb sy liesbet bly bemin?

ek loer na hiërogliewe. ŉ boer het my gewys
waar jagtonele oorgebly het teen die krans.
vóór in die gideons se bybel is ŉ lang lys
lesers wat hul teen sterflikheid probeer verskans.

ŉ kind hoes seer; ŉ lam huil stomgemaak. ek skraap
moed bymekaar: ek was hier en hier het ek geslaap.

[Uit: *Skimmellig*,1978]

Daar is ŉ duidelike verband tussen die verskeidenheid plekke wat besoek word, die tema en die titel van die gedig.

Bespreek hierdie stelling in ŉ opstel van 250–300 woorde. **[10]**

## VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**’n vigslyer sterf – Vincent Oliphant**

die takelwerk word afgetakel
stadig sien sy geliefdes hom inplof
die bekende vlees na binne stort
hulle sien hom reeds stof word

iets wil huil oor die bros vel
wat soos dun seil oor brose stokke lê
oor die mond wat iets wil sê

die gewig van lug
is vir die hand te swaar
die lyf
nou klein en seer
het byna alles reeds verleer

net die oë bly groter staar
soek na raad teen al die skade
na die genade van sag gaan
na verstaan

[Uit: *Poësiepalet*, Vivlia]

2.1 Herlees strofe 1.
Benoem die oorheersende klankeffek en gee die funksie daarvan. (2)

2.2 Benoem en verduidelik die beeldspraak in versreëls 5–6. (3)

2.3 Watter stemming is oorheersend in hierdie gedig? (1)

2.4 Herlees strofe 3.

2.4.1 Spreek jou uit oor die funksionaliteit van die hiperbool in dié strofe. (1)

2.4.2 Hoe word die agteruitgangproses van die lyer verstegnies uitgehef? (1)

2.5 Bespreek hoe die slotstrofe die boodskap van die gedig ondersteun. (2)
**[10]**

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**oupa Thomas Daniel Granfield – Ronelda S. Kamfer**

1.

dis vandag my oupa Thomas
se verjaardag
dit sou gewees
het
hy is dood
toe ek in matriek was
dit is al wat ek regtig van
matriek kan onthou

die oggend toe die telefoon lui
het my ma nie kom sê nie
sy en my pa het opgestaan
en is weg hospitaal toe

al die grootmense my oupa se kinders en hulle
mans en vroue is hospitaal toe

ek wou saamgaan
ek wou net my oupa
belowe dat ek okay sou wees
dat ek eendag ŉ boek gaan skryf
en hom nooit sal vergeet nie en
dat ek die liefste vir hom was

my ma het ŉ paar uur later
gebel om te sê dat ek vir my en my suster moet kos maak
sy het niks gesê van my oupa nie
haar woorde het soos vlermuise om my gevlieg

ek het gewag vir iets
vir Pappa is dood
of dis verby of hy's oorlede
maar sy't aanhou praat oor kos
toe ek haar uiteindelik stop en vra
het die vlermuise aanhou vlieg

"ja, vroeg vi-oggend"

2.

die swaarste vir my was nie dat my oupa dood was nie
maar
dat die aarde aanhou draai het
dat ek aanhou leef het
dat alles wat verkeerd was nog steeds verkeerd is
dat ek kon slaap en wakker word

Kopiereg voorbehou 

matriek slaag en aan ŉ toekoms dink
die ergste van alles was dat ek alles kon doen wat
ek moes doen
en al wat ek regtig wou doen was om te huil
ek wou dae aaneen huil
ek wou sy leeftyd uithuil
ek wou huil vir wie hy was en vir wie hy kon wees
ek wou huil oor die onregverdigheid
en ek wou huil omdat hy regtig lief was vir my
en omdat ek geweet het dat hy lief was vir my

vandag
jare na sy dood
onthou ek eending van oupa Thomas

"niemand kan jou seerder maak as jy jouself nie"

[Uit: *grond/Santekraam, 2009*]

3.1 Waarom word hierdie gedig as ŉ elegie/lykdig/treurdig beskou? (1)

3.2 Herlees strofe 3.
Benoem die soort strofe en sê hoekom die uiterlike bou hier geslaagd is. (2)

3.3 Herlees strofe 4.
Spreek jou uit oor die retoriese middel wat aangewend word om die gedig te verpersoonlik. (1)

3.4 Benoem en verduidelik die beeldspraak in versreël 24. (2)

3.5 Wat is die funksie van die "1" en "2" in die gedig? (1)

3.6 Verklaar die woorde in versreëls 44–45 en sê wat die tema en die boodskap van hierdie gedig is. (3)

**[10]**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Die sagte sprong – Sheila Cussons**

Dit kom wanneer dit nie verwag
word nie: ʼn aanraking van die verstand
lig soos ʼn veer, vlugtig maar presies
en jy dink as sy ligtheid so is, so potent
dat die aandag nog lank daarna
die indruk behou, hoe moet sy vasvat wees?
: Dit kom wanneer dit nie verwag
word nie: iets wat die bewussyn tot
in die lewe tref, iets soos ʼn sagte sprong –
vreugde, verbasing, vreugde, herkenning:
hoe moet u vasvat wees?

[Uit: *Die sagte sprong*]

4.1 Benoem en verduidelik die beeldspraak in die titel van die gedig. (2)

4.2 Waarna verwys *dit* in versreël 1 en 7? (1)

4.3 Watter stemming is oorheersend in hierdie gedig? (1)

4.4 Beskryf die progressie in hierdie gedig volledig deur versreëls 2 en 8, versreëls 6 en 11 én die aanvanklike en uiteindelike gesprek wat plaasvind, met mekaar te vergelyk. (3)

4.5 Evalueer die funksionaliteit van die vraag in die slotreël van die gedig. (2)

4.6 Wat is die tema van hierdie gedig? (1)

**[10]**

**EN**

## ONGESIENE GEDIG (VERPLIGTEND)

## VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Fotodag – Loftus Marais**

geen klas, net afkondigings, "O.16B-krieket na die saal"
neil-samsey se navy woolworths-onderbroek
soos hy aantrek tussen skoolbanke, toksakke
en al die rekwisiete: trofeë, tennisrakette, prefektebalkies
ʼn kleedrepetisie vir die regte wêreld
hare gekam, tande geborsel, puisies gedruk
ʼn doelgerigte rondhol in lang gepoleerde gange
dis november en warm, maar baadjies áán vir die foto:
gerangskik volgens lengte, klaskaptein-in-die-middel
langs mnr. Warnich wat sê onder sy bismarck-snor
"manne, vandag tree ons in gesprek met die toekoms"

en ʼn flits waarin regte jare verbygaan, en dan ons
wat daarna kyk, verleë oor hoe versekerd die gesiggies lyk

[Uit: *Staan in die algemeen nader aan vensters*, 2008]

5.1 Wie is die spreker in die gedig? (1)

5.2 Gee TWEE bewyse dat die gewone skooldag tydens fotodag effe onordelik is. (2)

5.3 Watter suggestie lê in versreëls 4–5 opgesluit? (1)

5.4 Wat is funksie van die gebruik van die akuut in versreël 8? (1)

5.5 Gee TWEE bewyse dat hierdie gedig ʼn vrye vers is. (2)

5.6 Herlees die slotstrofe.

Verklaar die woordspeling in *flits*, evalueer die spreker se ingesteldheid jeens skool en sê wat die leser moontlik omtrent die spreker se huidige omstandighede aflei. (3)

**[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING B: ROMAN

Beantwoord in hierdie afdeling SLEGS EEN vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

### *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – Eleanor Baker

Beantwoord ÓF VRAAG 6 (opstelvraag) ÓF VRAAG 7 (kontekstuele vraag).

### VRAAG 6: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – OPSTELVRAAG

Iris, Els en Johanna word allermins in *Die kwart-voor-sewe-lelie* as die tipiese heldin, ma en huishulp uitgebeeld.

Bespreek hierdie stelling in ŉ opstel van 400–450 woorde. **[25]**

### VRAAG 7: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS A**

Pa was minder tegemoetkomend toe hy terugkom en die storie hoor. Hy het beter slotte laat insit en sy bonusgeld bestee aan ŉ gesofistikeerde alarmstelsel wat Ma so dikwels per abuis laat afgaan het dat die polisie ons as ŉ gesin met ŉ hoë irritasiewaarde aangestip het.

Maar ek dwaal af.

Johanna het ook voor Claude geswik en Ma gevra om ŉ Franse kookboek te koop sodat sy vir die man beter kos kan maak. Sy het ook teenoor my erken dat sy nie dink hy is familie nie.

"My mense is ronder van gesig," het sy gesê. "En korter in die lyf."

Elsa en Hannes was die enigste wat nie meegesleur was nie al het Claude sjarmant deur die tuin gestap met klein Johan aan die hand.

"Dit kan nooit werk nie," het Elsa verklaar. "Die kultuurverskil is te groot."

"Nie regtig nie," het ek gesê. "Sy vak is kunsgeskiedenis en dis hulle al twee se passie."

"Dis nie wat ek bedoel nie," het sy kortaf gesê.

"Hulle kan skaars met mekaar konverseer," het Hannes gesê. (Hy het gehou van woorde soos konverseer, al het dit die res van ons hoendervleis gegee.) "Kara ken twee woorde Frans en hy drie woorde Engels."

"Die liefde ken geen taal nie," het ek teatraal aangehaal.

"Bly stil, Iris," het Elsa gesnou. "Jy is te jonk om saam te praat."

"Hulle geniet mekaar," was Ma se kalm siening. "Niemand het nog van trou gepraat nie."

Pa het onthuts opgekyk. "Trou!"

7.1 Teen watter agtergrond speel reëls 1–4 af? (1)

7.2 Watter karaktertrek van Ma kom in reël 3 na vore? Noem EEN ander voorbeeld in die roman waar Ma tot die owerhede se irritasievlakke bygedra het. (2)

7.3 Watter soort verteller is in reël 5 aan die woord? Sê waarom hierdie soort verteller juis hier funksioneel is. (2)

7.4 Herlees reëls 6–8.
Hoekom was Johanna aanvanklik skepties oor Claude? Waarmee word hier ligtelik gespot? Noem enige TWEE voorbeelde, buiten Johanna se opmerking oor Claude, uit die roman waar daar nog spottenderwys na hierdie kwessie gekyk word. (4)

7.5 Watter karaktertrek van Elsa kom duidelik in reëls 12–13 na vore? Dink jy Elsa se lewensbeskouing het later in die roman verander? Motiveer jou antwoord. (2)

7.6 Verklaar die ironie in Hannes se bydrae tot die gesprek in reël 17. (1)

7.7 Herlees reël 22.
Elsa se opmerking bevestig Iris as buitestander. Waarom sou haar posisie in die gesin dit ook bevestig? Noem enige TWEE ander voorbeelde in die roman waar Iris in haar huisgesin soos die buitestander voel. (3)

**EN**

**TEKS B**

As een van my karakters gepraat het, het mense geluister en gereageer. Dis waarom ek hulle dialoog gepoleer en verfyn het. Hulle het nie “Ha!” gesê en hulle neuse rooi gesnuif nie. Greta sou ook nie gedreig het om by ŉ vlak waterval af te spring nie.

Maar my onmiddellike probleem was Peter en Eduard. Die twee was besig om te oorvleuel, veral in die koue nagte onder die dik donskombers. Eduard was ŉ adolessente skim, moes ek teësinnig toegee, Peter was werklikheid en die Engel het êrens tussen die twee ingepas. My lewe was bevolk met mense wat of te veel of te min ektoplasma gehad het. En aangesien die Engel nooit saans voor my slaapkamerdeur uitgekamp het en gewaarsku het teen onheilighede nie, het ek Ouma se weergawe van die gebeure bevraagteken. Sy kon die Engel meer mag toegeëien het as wat hy in werklikheid gehad het of anders is hy, soos ons, deur die evolusieproses van die twintigste eeu gestoot en het anderkant uitgekom met ŉ verslapte sin vir verantwoordelikheid.

“Waarmee is jy nou besig?” het Peter gevra. “Frederik?”

“Ek dink sommer.”

“Dink aan my.”

“Sekerlik,” het ek gesê en my neus tussen sy borshare ingewoel.

Ek weet nie hoe laat dit was toe ek wakker geword het nie. Peter het vas geslaap, sy arm swaar oor my bors, en eers wou ek net omdraai en weer slaap behalwe dat daar ŉ hand op my ander skouer was, en ŉ koue hand daarby. Ek kon niks sien nie, daarvoor was dit te donker.

7.8 In watter ruimte bevind Iris haar in hierdie gedeelte? (1)

7.9 Herlees reël 5.
Watter bydrae lewer die fiktiewe en die werklike Peter tot Iris se lewe? Watter eindelike gevolg het die werklike Peter op Iris se lewenskoers? (3)

7.10 Die intrige van die roman speel op twee vlakke af. Motiveer waar jy die Engel sou plaas. (1)

7.11 Hoe ondersteun die onderstreepte gedeelte in reëls 9–11 die motto van die roman? Noem enige EEN ander rol wat Die Engel in Iris se lewe speel en motiveer waarom dit korrek is om te sê dat Iris, vanweë die rol van die Engel, in TEKS B ’n ander lewensbenadering as in reël 21 van TEKS A het. (3)

7.12 Wie se koue hand het Iris in reël 22 gevoel en wat was die rede dat dié hand op Iris se skouer rus? (2)

**[25]**

***MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – Pieter Pieterse**

Beantwoord ÓF VRAAG 8 (opstelvraag) ÓF VRAAG 9 (kontekstuele vraag).

**VRAAG 8: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – OPSTELVRAAG**

Die hoofkarakter, Baas Chipman, is ’n voorbeeld van ’n tipiese buitestander en sy optrede teenoor die plaaslike inwoners van Barotseland, voordat ouma Essie en Grace sy denke beïnvloed het, getuig inderdaad hiervan.

Bespreek hierdie stelling in ’n opstel van 400–500 woorde. **[25]**

**VRAAG 9: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS C**

Teen die Zambezi draai hy wes om stroomop die kronkels van die rivier, en veral die stroomversnellings, te verken en aan te teken. Waar die Zambezi sy boggel maak, is dit al in die uitgetrapte olifantpaadjies langs, nog eens noordwaarts deur die oewerruigtes.

Twee jaar ná sy aankoms op die kontinent vestig Dennis Chipman hom op die wal van die Zambezi tussen die mense van die Lozi-stam in Barotseland, die westelike provinsie van die huidige Zambië. Hy vang nie ’n enkele skoenlapper nie, en gaan nooit terug na sy land van herkoms nie.

Onder die Malozi staan hy bloot as Baas bekend. Hy en Brindle, later ook hy en die basterafstammelinge van die oorspronklike Brindle – altyd met ’n Brindle as tropleier – word legendariese buffeljagters. Hy kap die trofeë aan die stamme van die reuse-oewerbome om sy kamp vas en dit besorg aan sy blyplek die naam Manaka, wat Plek van die Horings beteken.

Met die jare kry hy langs sy hut ’n skooltjie aan die gang waar hy ’n klomp Malozi-kinders onder ’n worsboom met die vinger in die sand leer skryf en somme maak. Hulle leer ook lees en Engelse kerkliedjies sing – die enigste liedjies wat hy uit sy kinderjare onthou. Sy Sakbybeltjie staan in vir die leeswerk.

Sondae word die ruwe kiaathoutbankies onder die worsboom die kinders en sommige ouers se kerk. Hy noem dit Manaka Evangelical Mission. Een van sy gemeentelede is indoena Sitali Mulambwa, die stamhoof van die Senanga-gebied.

ʼn Passie om die noordelike wildernisgebiede van Afrika toeganklikker te maak dryf Dennis Chapman.

9.1 Watter soort verteller is in hierdie uittreksel aan die woord en wat is sy funksie in reëls 1–4? Motiveer waarom hierdie soort verteller hier funksioneel is. (3)

9.2 Herlees die onderstreepte gedeelte in reëls 7–8. Verklaar die verwysing na die skoenlappers en sê wat Dennis se land van herkoms is. (2)

9.3 Herlees reël 9. Verduidelik waarom Dennis Chipman slegs as Baas bekend gestaan het. (1)

9.4 Watter belangrike rol vervul die worsboom (reël 18) in hierdie verhaal? (2)

9.5 Dink jy die oupagrootjie se ideaal om die wildernisgebied van Afrika toeganklikker te maak was geslaagd? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. Sê ook wat Baas se droom is en of dit realiseer. (4)

**EN**

**TEKS D**

"Jou reg om ʼn Christen te wees maak van jou ʼn Christen. Weet jy dit dan nie?" Ouma Essie haal haar Bybel uit haar sisvoorskoot se sak en gee dit vir Baas. "Jy kan mos lees. Romeine 10 vers 20."

Baas blaai.

"Nie daar nie!" gebied sy. "Romeine is verder agtertoe. Glo jy hierdie boek?"

"Wat sê jy, ouma Essie?"

"Ek wil weet of jy in hierdie Boek glo, jongman. Dit help nie ons staan daaroor en praat as jy nie glo wat hierin staan nie. Het jy ʼn Bybel?"

"Ek het meer as een Bybel, ouma Essie. Ek het twee. Dit wil nie sê ek het die antwoorde nie."

Ouma Essie vat die boek hardhandig uit Baas se hande.

"Nou vat al twee saam en gaan lees Romeine 10 vers 20." Sy druk haar Bybel terug in haar sak. "Muluti Griesel en meneer Johnnie wag al vir jou. Dis lekker stil daar in die mopaniewoud. Dan lees jy sommer vers 9 en 10 ook." Sy skakel die kragopwekker af.

Priscilla en Akwilla se helder fluite hang oor die stilte. Baas trek die vasmaaktoue onder die seil uit.

"Dank die Here," sê ouma Essie.

"Bolena!" sê Baas in die taal van die maats uit sy kindertyd. "Lea tshwenya!"

"Wat sê jy?" vra ouma Essie verontwaardig.

"Julle! Julle pla!" vertaal Baas.

"Dis nie nodig om vir my te sê wat jy gesê het nie! Dis nie ons wat jou pla nie. Ke Modimo, lesogana. Dit is die Here, jongman," sê sy in die taal van haar kinderjare.

9.6 Wat lei ons in reëls 1–3 omtrent ouma Essie se karakter af? Watter bydrae lewer ouma Essie tot Baas se karakterontwikkeling? (2)

9.7 Teen watter agtergrond vind Baas en ouma Essie se gesprek in hierdie gedeelte plaas? (1)

9.8 Herlees reëls 9–10.
Baas ervaar innerlike konflik oor sy godsdiens. Noem TWEE dinge wat hiertoe aanleiding gegee het. Hoe sou sy ouers se dood tot hierdie konflik kon bydra? (3)

9.9 Waarom is dit ironies dat Baas innerlike konflik ten opsigte van sy godsdiens beleef? (1)

9.10 Reël 21 bevestig dat Baas sy eie geselskap verkies. Motiveer met DRIE bewyse uit die roman dat Baas ’n buitestander is. (3)

9.11 Hoe verskil Baas se optrede in TEKS D van sy oupagrootjie s’n in TEKS C? (1)

9.12 Watter tema van *Manaka Plek van Horings*, kom in TEKS D sterk na vore? Motiveer waarom jy dink die boodskap van dié roman nog aktueel is. (2)

**[25]**

***VATMAAR* – AHM Scholtz**

Beantwoord ÓF VRAAG 10 (opstelvraag) ÓF VRAAG 11 (kontekstuele vraag).

**VRAAG 10: *VATMAAR* – OPSTELVRAAG**

Die mens wat onskuldig moet ly is ’n belangrike tema wat in hierdie roman aangeraak word. Daar word egter dikwels positiewe dinge hieruit gebore.

Bespreek hierdie stelling in ’n opstel van 400–450 woorde deur na Tant Wonnie te verwys.

**[25]**

## VRAAG 11: *VATMAAR* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

### TEKS E

Ek het die volgende oggend wakker geword met my arm om haar nek. Sy het omgedraai en haar gesig was langs myne.

In my kinderverstand het die woorde opgekom: <u>Ons is</u>. Ek het haar daar en dan liefgekry, die verbond tussen ons was verseël. Van toe af het ons die meeste van die tyd Setswana gepraat. En sy was trots daarop as ek tussen ander mense met haar Setswana praat. Vir my was kaffirtaal, soos die bruines en die wittes dit noem, onse taal.

Ek het altyd saam met haar gegaan as sy die wasgoed vir Mister Norman White terugvat, maar ek moes buite in die straat wag tot sy terug kom. Ek het nooit geweet waarom nie, tot op ŉ dag dat sy siek was en beswaarlik kon loop. Sy het my gevra om die skoon wasgoed, wat sy klaar opgevou het, in ŉ skoon uitgewaste meelsak in die son op die paraffienblik te sit om seker te maak daar gaan nie luise in nie. Want hulle loop uit in die son.

Toe dit tyd word vir ons om die wasgoed weg te bring, kon sy kwalik loop. Sy het my gevra om peperboomblare te gaan pluk en op haar kop te sit. Ek het gemaak soos sy gevra het en toe vir haar gesê: Ma, ek sal die wasgoed na Mister Norman toe vat.

Vat dit, maar hou dit asseblief skoon, het sy gesê. En toe gee sy my ŉ twaksakkie en sê: Sit die geld hierin.

11.1 Teen watter agtergrond speel die gebeure in reëls 1–2 af? (1)

11.2 Verklaar die dieperliggende betekenis van die onderstreepte woorde in reël 3. (1)

11.3 Herlees reëls 3–4.
Watter soort verteller is aan die woord en wat is sy funksie? Wat, dink jy, is die voordeel van hierdie soort verteller in ŉ verhaal? (3)

11.4 Watter tema kom duidelik in reëls 5–6 na vore? Noem enige TWEE ander voorbeelde waar hierdie tema in die verhaal ter sprake is. (3)

11.5 Verklaar die ironie in Norman en Ma Khumalo se verhouding. (1)

11.6 Watter karaktertrek van Ma Khumalo kom in reëls 11–14 na vore? Bewys met ŉ ander voorbeeld uit die roman dat Ma Khumalo die mooi gesindheid van die Vatmaar-gemeenskap uitleef. (2)

11.7 Watter vernedering het Norman net na hierdie uittreksel ervaar? Het hierdie vernederende ervaring sy lewe negatief beïnvloed? Motiveer jou antwoord. Watter boodskap kan die leser uit Norman se ervaring neem? (3)

**EN**

**TEKS F**

Dit was die volgende Maandag wat Anna de Bruin vir Tant Wonnie gesê het sy vat vir Kaaitjie saam met haar Du Toitspan toe.

Die witmense kan mos nie sonder ʼn bediende klaarkom nie. Toe haar skoonsuster, Mevrou Bosman, sien Kaaitjie het anderste maniere as die jong meisies van die Pan, het sy gevra of sy haar kan hou. Sy sou haar tien sjielings ʼn maand, kos en slaapplek gee om haar twee kinders op te pas.

Kaaitjie het gesê: Ek moet eers my Ma-Ma vra of ek kan bly.

Jy bly, ek sal met Wonnie praat, het Mevrou de Bruin vir haar gesê.

Dis hoe Kaaitjie by Mevrou Bosman begin werk het.

Tant Wonnie was baie ontsteld toe Anna de Bruin terugkom en haar vra en sy het gesê: Miesies de Bruin, jy het geen reg om my kind vir die Bosmans te gee en haar te jy en jou nie. Julle boere dink moes as ʼn mens vir julle werk, behoort jy en alles wat jy het aan julle. Ek wonder wanneer julle Boere anders gaan begin dink. Julle het nog altyd die slawe in julle se koppe, en solank julle julle se werksmense so behandel, is ʼn dooie man beter af as julle werksvolk.

Piet de Bruin het alles gehoor wat sy gesê het en Tant Wonnie het net gewag dat hy moet inmeng, sy was reg vir hom. Maar hy het nie ʼn woord gesê om sy vrou se part te vat nie.

11.8 Verklaar wat die agste gebod in Vatmaar behels. Motiveer hoekom Mevrou Bosman in hierdie gedeelte nié die agste gebod eerbiedig nie. (2)

11.9 Verduidelik hoe mevrou De Bruin haar skuldig maak om nie die tema in TEKS E uit te leef nie. Dink jy mevrou De Bruin se optrede is geregverdig? Motiveer jou antwoord. (2)

11.10 Reëls 11–13 is ʼn voorbeeld van die onskuldige lyding wat Tant Wonnie moes verduur. Noem DRIE ander voorbeelde in die roman waar Tant Wonnie aan onskuldige lyding onderworpe was en sê hoe sy probeer het om die positiewe in haar lydenstryd te sien. (4)

11.11 Herlees reëls 18–20.
Watter karaktertrek van Piet de Bruin kom hier na vore? Hoekom dink jy sou hy dit nie waag om in te meng nie? (2)

11.12 Watter skokkende ontdekking maak Tant Wonnie en Suzan kort na hierdie gedeelte? (1)

**[25]**

**TOTAAL AFDELING B: 25**

**EN**

## ***ONDERWÊRELD*** **– Fanie Viljoen**

Beantwoord ÓF VRAAG 12 (opstelvraag) ÓF VRAAG 13 (kontekstuele vraag).

### VRAAG 12: *onderwêreld* – OPSTELVRAAG

Greg ervaar in sy kontak met die onderwêreld die verlies van geliefdes, norme en waardes, vryheid en ook identiteit.

Bespreek hierdie stelling in ʼn opstel van 400–450 woorde. **[25]**

### VRAAG 13: *onderwêreld* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

### TEKS G

*<h16>Log File: Vakansie-fireworks</h16>*

Die April-vakansie is dae weg. Ek kom pas van die graad agts en –neges af. Het die spul uit die bed geboender en ek voel goed. Later vanoggend lê ʼn VRL-vergadering met Dok Pienaar voor. Maar ek verwag nie enige moeilikheid nie. Van hier af is dit plain sailing all the way totdat die vakansie aanbreek.

"Hei, Greg! En as jy so smile?" vra een van my rugbypelle in die verbygaan.

"Kan ʼn man dan nie smile nie?"

"Sure. Maar sorg net dat jy wegbly van Plank se lagtwak" grinnik hy en klap my op die rug.

Op pad terug na my kamer klop ek aan Eckardt se deur. Ek stap sommer in. Dit lyk of hy skrik. Ek klap sy laptop toe.

"Uitgevang, Ekk-0!"

Hy trek sy skouers op. "Skuldig," lag hy afgetrokke.

"Besig met ʼn hack?"

"Hmmm."

"En dit beteken?"

"Dat jy nie so nuuskierig moet wees nie." Verbeel ek my of is hy bietjie moerig omdat ek hom gepla het?

"Oukei, dan vra ek jou liewer nie wat jy die vakansie gaan doen nie."

"Daai een kan ek antwoord – ek het nie ʼn clue nie," sê Eckardt. "My pa-hulle is Switserland toe. Henno en Janita is by hulle pelle. Ek sal seker by die huis wees. ʼn Bietjie stilte sal goed wees."

"Nonsens!" kap ek terug. "Stilte is net goed vir tannies in ouetehuise. Jy kom saam met my Jo'burg toe. Ons gaan so ʼn paar dae daar wees, dan skiet ons af na die strandhuis in Jeffreys."

13.1 Verduidelik wat die gegewens in reël 1 beteken. (1)

13.2 Benoem die soort verteller in hierdie uittreksel en sê watter voordeel hierdie soort verteller vir die leser inhou. Motiveer die geslaagdheid van dié soort verteller in reëls 2–6. (3)

13.3 Hoe staan leerders wat deel is van *die spul* (reël 3) by Greg se skool bekend? Dink jy Greg verdien die respek van hierdie groep leerders? Motiveer jou antwoord. (2)

13.4 Herlees reël 5.
Motiveer of die taalgebruik geregverdig is, al dan nie. (1)

13.5 Herlees reël 14.
Wat is die *Ekk-0* en hoekom is die woord insiggewend as dit met die romantitel in verband gebring word? Sê ook hoe dit funksioneel aangewend word om Greg se broer by die verhaalgebeure te betrek. (3)

13.6 Herlees reëls 19–20.
Hoekom is Eckardt waarskynlik geïrriteerd? (1)

13.7 Hoekom is Eckardt se woorde in die onderstreepte gedeelte in reëls 22–23 ŉ leuen? Hoe staan leuens sentraal in die vriendskapsverhouding tussen Greg en Eckardt? Motiveer ook of jy dink Eckardt het dit geniet om sy meesterplan eindelik te onthul. (3)

**EN**

**TEKS H**

Die koeldrank drink ek terwyl ek terugloop polisiestasie toe. Dis teen die skool se reëls om in skoolklere te loop en eet of drink, maar ek gee nie nou ŉ hel om nie. Wat is dit in vergelyking met wat Dok gedoen het? En wat het geword van al die waardes wat hulle vir ons wou leer? Alles was net show.

Dis seker nie reg van my om al die onnies oor dieselfde kam te skeer as vir Dok nie. Maar ek is net so gatvol. Miskien voel ek beter as ek ŉ bietjie ordentlike slaap gekry het.

Toe ek nader aan die polisiestasie kom, stop ŉ polisievoertuig voor die deur. Ek gaan staan stil. Die geluid van motordeure wat oopgemaak word klink op in die straat. My hart donder skielik in my bors. Hulle boender vir Dok uit die motor, hou hom regop toe hy op sy knieë wil afsak. Hy ruk aan sy boeie.

"Jou klein pes!" skree hy toe hy my sien. Sy gesig is vertrek van woede. Daar is sweetvlekke op sy wit hemp. Hy verloor sy skoen. "Wat het jy gedoen? Ek sal jou kry, Greg. My mense sal jou kry."

Dis al wat ek hoor, want hulle sleep-dra hom oor die sementpaadjie en stoep die gebou in.

Nou skielik kom die verlammende vrae. Was dít wat ek gedoen het reg? Moes ek dit anders aangepak het? Of moes ek eerder my bek gehou het? Maar as ek stilgebly het, hoe sou die waarheid kon uitkom?

13.8 Teen watter agtergrond vind die gebeure in hierdie gedeelte plaas? (1)

Kopiereg voorbehou 

13.9 Verklaar hoe die stemming in hierdie gedeelte anders is as die stemming in TEKS G en motiveer jou antwoord. (2)

13.10 Watter karaktertrek van Dok Pienaar kom in hierdie gedeelte na vore? Motiveer of sy optrede hier anders is as hoe die leser hom deur die res van die roman leer ken het. (2)

13.11 Herlees reëls 19–21.
Watter soort konflik ervaar die hoofkarakter hier? Wat is jou antwoord op die onderstreepte vraag in reëls 19–20? Motiveer jou antwoord. Wat is die waarheid wat eindelik uitgekom het? Noem TWEE dinge. (4)

13.12 Wat is die hooftema en boodskap van *onderwêreld*? (2)
**[25]**

**TOTAAL AFDELING B: 25**

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING C: DRAMA

Beantwoord in hierdie afdeling slegs EEN vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

***KRISMIS VAN MAP JACOBS* – Adam Small**

Beantwoord ÓF VRAAG 14 (opstelvraag) ÓF VRAAG 15 (kontekstuele vraag).

### VRAAG 14: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – OPSTELVRAAG

Die ruimte waarin *Krismis van Map Jacobs* afspeel is tekenend van die hartseer en misdrywe van die Kaapse Vlakte, maar die tronk word tog ook as ʼn helende ruimte geteken.

Bespreek hierdie stelling in ʼn opstel van 400–450 woorde. **[25]**

### VRAAG 15: *KRISMIS VAN MAP* JACOBS – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS I**

*Geluide*

MAP: ‘Is in die kombuis, die skottelgoed. Dis net om die hoek, in die gang af ...

*Stilte*.

MAP: Ek sweer alles sal nou regkom, Ma ... Hulle moet my net ʼn kans gee, daar buitekant ... Die social worker, miss Africa, sy’t moet my gepraat, sy meen hulle sál vir my ʼn kans gee. Ek moet ʼn werk kry, sy sê sy’s besig om vir my yt te vind, ek het gesê vir haar enige soorte werk, ‘it maak nie saak wat nie ... Dit maak nie saak nie ... Ek wil net daai kans hê, om te wys ... lat ek ʼn annerste man is ... Ma ... Sê tog vir Blanchie wat ek sê ...

*Sy knik. Stilte.*

MAP: Ma lyk goed. Hoe gaan ‘it moet Oompie Paulsen-hulle? Die band practise seker al vir Krismis. Ek onthou ... Dis regte mense daai, Oompie Paulsen-hulle. Oompie Paulsen en Kaffi’tjie Arries en Boytjie Louw, ek onthou al hulle name even! Sê vir hulle sewe jaar is ʼn lang tyd, maar ʼis oek ʼn kort tyd, ek onthou al hulle name even ... en Danny Delcarme, en Bêrend Oliphant, en Freddy, wat is sy van nou weer ... en Tommy Sobotker, Tommy moet sy goetertjies! ... Kan Ma gló, ek kom ýt, op die sewende ... O ja, Freddy la Vita ...
*Sy knik.*

MAP: Ek weet Uncle Cavernelis het nooit van my gehou nie, maar sê vir hom ek het ge-veranner, Ma ... Hy hoef nie meer te worry oor my moet Blanchie nie ... Sewe jare.

15.1 Herlees reëls 1–3.
Hoe help die toneelaanwysing die leser om reëls 2–3 te verstaan? (1)

15.2 Teen watter agtergrond vind hierdie gesprek tussen Map en sy ma plaas? (1)

15.3 Het Map die kans gekry waarna hy in reël 5 verwys? Motiveer jou antwoord met TWEE bewyse uit die drama. (2)

15.4 Herlees reëls 10–12.
Verklaar die gebruik van die ellips. Waarom is dit korrek om te sê Ma se knik en stilswye verkry ŉ dieper simboliese waarde? Hoe word die stilte eindelik opgehef? (3)

15.5 Verklaar die ironie in die onderstreepte woorde in reël 14. (1)

15.6 Die getal sewe (reëls 16 en 24) is funksioneel en simbolies in hierdie drama.

Wat is die implikasie vir die res van die gemeenskap dat Map juis na sewe jaar vrygelaat word? Wie het Map die meeste in sy bekering bygestaan en verduidelik hoekom Map in reëls 10–11 seker wil maak Blanchie weet hy het verander. (3)

15.7 Hoekom het Cavernelis nie van Map gehou nie (reël 22)? Sê wat Cavernelis se lewensdoel was en motiveer of Cavernelis die vryheid gekry het waarna hy so gesmag het. (3)

**TEKS J**

| | |
|---|---|
| | *Bo by die woonstelvenster verskyn Blanchie se gesig weer, om te sien wat haar pa ophou. Sy roep dan.* |
| BLANCHIE: | Daddy! Daddy! |
| LA GUMA: | En ek hoor Map Jacobs is oek kamma gebekeer! |
| CAVERNELIS: | Ek kom, Blanchie ...! Okay, goodnight, mister La Guma ... |
| LA GUMA: | *(is nog nie klaar gepraat nie. Cavernelis huiwer weer):* Weet jy hoekom hulle vir hom Map ge-call het? You know why? |
| CAVERNELIS: | *(ŉ bietjie meer ferm):* Maar ... ek stel nie belang nie, mister La Guma ... |

Kopiereg voorbehou 

| | |
|---|---|
| LA GUMA: | Omlat hy ge-tattoo is oor sy hele lyf. *(Hy wys.)* That beautiful body, hoekô moet hy dit nou so gaan opmess! Allerhande merke, like, to identify himself! Daai's wat 'n mens doen as jy desperate is, in 'n plek soes dié. (*Hy wys weer na die geboue.)* In dié ... wasteland ... 'is dieselfde ding, man, soes wat die mense hierso hulle grys hyse paint, die een bright red ennie anner een bright blue, en die een paint 'n eagle op sy deur, en die anneer een vir Superman, an' so on. Verstaan jy, mister Cavernelis! 'Is soes tattoos, man, dieselfde ... You search for something, man. As jy 'n regte mens is, dan wil jy wiet waar jy aan is en waar jy af is, waar jy stáán. Understand? Jy moet tog iewers belong, belong! Somewhere moet jy darem iets kan identify moet jouselwers ... en jouselwers same moet iets! |
| | Wel ... |
| | Daddy ... y ... y!! |
| CAVERNELIS: | *(neem sy fiets):* Good night, mister La Guma ... |
| LA GUMA: | Maar wat gebeur? Group areas! The District Sixes, the Claremonts, the Simonstowns! |

15.8 Verduidelik die rol van die verteller in reëls 1–2. (1)

15.9 Is La Guma se ongeloof oor Map/sinisme in reël 4 geregverdig? Watter rol vervul La Guma met opmerkings soos dié in die drama? (2)

15.10 Watter karaktertrek van Cavernelis kom in reëls 10–11 na vore? Hoe is die Cavernelis wat ons hier sien anders as die Cavernelis wat ons vroeër in die drama sien? (2)

15.11 Herlees reëls 12–27.
Watter TWEE temas kom in hierdie reëls duidelik na vore? Hoe sluit die tatoeëermerke by Map se naam aan? Dink jy Map sal eendag weer werklik soos Johnnie Jacobs voel? Motiveer jou antwoord. (4)

15.12 Waarna verwys *Group Areas* in reël 31 en sê hoe die stemming wat deur La Guma geskep word, verskil van die stemming wat in TEKS I heers. (2)

**[25]**

***MIS* – Reza de Wet**

Beantwoord ÓF VRAAG 16 (opstelvraag) ÓF VRAAG 17 (kontekstuele vraag).

**VRAAG 16: *MIS* – OPSTELVRAAG**

Die titel van hierdie drama kan op verskeie maniere geïnterpreteer word.

Bespreek hierdie stelling in ŉ opstel van 400–450 woorde. **[25]**

**VRAAG 17: *MIS* – KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS K**

MEISIE: Nou goed, ek sal vir u vertel en dan sal ek daarvan vergeet. *(knyp haar oë styf toe)* Vir altyd en vir ewig. *(Stilte. Begin vertel en leef haar heeltemal in. Sagte vlae wind word gehoor en dit word geleidelik effens harder)* Een jaar was die sirkus hier. Soos nou. Maar dit was ŉ warm aand. ' ŉ Vroeë somer', het my ma gesê. 'Dit bring droogte en pestilensies.' *(Sag)* Dis bedompig in die huis. Ons maak die vensters oop en toe gaan ons slaap. Skielik skrik ek wakker. Ek lê in die donker en luister na die musiek. Dis asof die musiek al harder word. Die takke skraap teen die dak. Die gordyne waai, op maat van die musiek. Ek gaan staan voor die venster. Ek sien die tent. Die groot tent en die liggies. Die musiek word harder en harder. Ek klim deur die venster, spring af tussen die rose, gaan deur die tuinhekkie en hardloop na die skougronde. Sommer net so. Kaalvoet oor die dorings. Ek loop tussen die hokke deur. ŉ Tier grom. Ape raas. Ek staan by die tent. *(Laggie)* Toe sien ek ŉ gaatjie en ek loer daardeur. *(Maak die 'gaatjie' met duim en voorvinger en loer daardeur)* Eers die een oog en toe die ander. *(Stilte. Verwonderd asof sy dit weer sien)* Ek sien ŉ man met lang, swart hare en ŉ blink mantel. Daar's ook ŉ meisie. Hy wys ŉ saag vir die mense en roep iemand nader om te voel hoe skerp dit is.

17.1 Beskryf hoe Meisie in hierdie gedeelte buite haar aard optree. (2)

17.2 Watter stemming word deur die wind in reël 4 geskep? (1)

17.3 Herlees reël 5.
Watter simboliese betekenis verkry die sirkus vir Meisie in hierdie drama? Sê hoe Miem en Gertie onderskeidelik oor die sirkus voel en watter rol die konstabel in die sirkusmotief speel. (4)

17.4 Slegs Meisie is in hierdie gedeelte aan die woord. Wat word so ŉ alleenspraak in ŉ drama genoem? Sê wat die rol van die verteller in hierdie gedeelte is en motiveer hoekom jy dink so ŉ ek-verteller in ŉ drama positiewe gevolge vir die leser inhou. (3)

17.5 Meisie plant rose onder haar venster vir ŉ rede. Waarom is dit korrek om te sê sy het nie in haar doel geslaag nie? (1)

17.6 Verduidelik volledig hoe reëls 23–25 ŉ vooruitskouing van die naderende gevaar is. (2)

**EN**

**TEKS L**

KONSTABEL: Ja. En ek is bly ek kan sien, want nou kan ek vir jou sien. En jy is baie mooi.

MEISIE: *(verwonderd)* Is ek?

KONSTABEL: Jy is.

MEISIE: *(verleë)* Jy het mos gesê sonder skoene.

KONSTABEL: Ja. *(Trek die gordyne opsy)* Dis net reg so. *(Maak die venster oop)*

*Sirkusmusiek word gehoor.*

MEISIE: Asseblief! Maak toe die venster. Ek mag nie die musiek hoor nie! Asseblief.

KONSTABEL: Net vir ŉ rukkie. Daar trek so ŉ soet luggie. *(Glimlag)*

MEISIE: *(druk haar hande oor haar ore)* Die musiek is so hard. Ek mag dit nie hoor nie.

*Die konstabel maak vinnig die deur oop. Die musiek is nou harder.*

MEISIE: Nee! Maak toe die deur! Maak toe die deur! *(Hardloop na die deur)*

*Die konstabel keer haar voor. Sy hardloop na die wastafel en leun oor om die venster toe te maak. Die KONSTABEL sit sy hande om haar middel. Sy laat haar arms sak. Die KONSTABEL neem haar gesig tussen sy hande en kyk na haar. MEISIE beweeg haar kop stadig van kant tot kant.*

MEISIE: *(stadig, byna asof sy aan die slaap raak)* Asseblief ... Maak toe die venster ... Asseblief ... Maak toe die deur ...

*Sy breek skielik weg van hom. Sy druk haar hande oor haar ore en fladder deur die kamer. Sy fladder na die gangdeur. Sy kyk om en sien die KONSTABEL. Hy staan doodstil na haar en kyk. Die musiek word nog harder. Sy staan ook stil. Terwyl sy na hom kyk, haal sy haar hande van haar ore af en laat haar arms sak.*

17.7 Teen watter agtergrond vind die gebeure in hierdie gedeelte plaas? (1)

17.8 Watter karaktertrek van Konstabel kom in reëls 1–2 na vore? Hoekom dink jy hou hierdie woorde moontlik met die titel van die drama verband? (2)

17.9 Herlees reël 5.
Waarin is meisie geklee en watter simboliek kan daaraan gekoppel word? (2)

17.10 Watter soort konflik beleef Meisie in reëls 10–11 en 13–14? Waarom sou hierdie konflik geloofwaardig wees? Gee TWEE redes. (3)

17.11 Bewys dat reëls 21–24 van TEKS L by reël 23 van TEKS K aansluit. (1)

17.12 Hoekom is die gebruik van die ellips in reëls 26–27 geslaagd? Sê hoe Meisie skielik ná hierdie gedeelte anders as wat verwag word optree en motiveer dat haar optrede by die hooftema van die drama aansluit. (3)

**[25]**

**TOTAAL AFDELING C: 25**
**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou